

Gered op grond van die opstanding, daarom laat jou lei deur die wil van God (I Pet 3:18-4:2)

Inleiding

Ons het gister reeds deur hierdie 7 verse gegaan met die fokus om die hoof lyn van die stukkie te kry. In hierdie 7 verse is daar drie moeilike verse.

Vers 19 is algemeen bekend as een van die moeilikste verse in die Bybel. Daar is baie verskillende verklarings vir die vers wat so lui:

*Hy is wel **liggaamlik doodgemaak**, maar deur die Gees is Hy lewend gemaak. 19 Deur die Gees het Hy ook gegaan en dit vir die geeste in gevangenskap **aangekondig**.*

Dan is daar twee verse wat, as jy hulle so in isolasie lees, hulle in kontras staan met wat ons glo:

21 Die doop, red ook julle nou

*4:1...dat iemand wat **liggaamlik gely** het, **met die sonde klaar is***

Voor ons dan nou vandag in die moeilike verse insak, kom ons bid eers saam.

Gebed

O God, die Vader, ons het gister gesien ons mag met vrymoedigheid in U heiligdom intree en direk met U praat. Daarom vra ons dat U, Uself vandag nog verder aan ons openbaar.

O God die Seun, ons het gister gesien wat U verlossingswerk vir ons beteken. Maak die prentjie vir ons nog voller vandag.

O God, die Heilige Gees, ons het gister gesien dat U ons klipharte verwyder het ons die wet in ons harte ingeskryf het en daarom kan ons nou die wil van God doen. Verlig ons nou vandag verder as ons baie moeilike verse oordink.

Verander vandag die mense wat nog oor die Klip val se klipharte sodat selfs hierdie moeilike gedeeltes vir hulle 'n waardevolle skat en bemoediging sal wees in hierdie tye van swaakry.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser.

Amen.

Skrifoordenking

1. Gister se oorsig

Moenie hulle **intimidasië** vrees, of ontsteld raak nie.

*15 Inteendeel, **eerbiedig Christus as Here in julle harte**,...*

*18 Immers, ook Christus het... **vir sondes gely**...*

*sodat **Hy julle na God kon bring**.*

*Hy is wel **liggaamlik doodgemaak**,*

maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

[moeilike deel oor aan geeste verskyn en die doop wat red...]

op grond van die opstanding van Jesus Christus

22 Hy wat...

- 1 Omdat Christus dan **liggaamlik gely het**,
moet julle... [moeilike deel oor klaar met sonde]
- 2 Daarom **laat hy hom ... lei...deur die wil van God.**

Ons het gister gefokus om die struktuur van die moeilike stuk te verstaan sodat die moeilike gedeeltes nie ons aandag aftrek van die kern boodskap nie. Ons het dit so opgesom:

Die hele gedeelte gaan oor hoekom ons nie moet bang wees of ontsteld raak **in lyding** nie

Ons moet eerder **God vrees** en Christus eerbiedig want:
Hy het vir ons sonde gely sodat Hy **ons na God** kon bring.

Sy opstanding herinner ons aan **Sy redding**. Hy is die een wat reeds regeer.

Daarom is ons klaar met sonde **en laat ons ons deur die wil van God lei**

Vandag gaan ons dan nou fokus op die twee moeilike dele wat omarm word deur die opstanding van Jesus Christus in verse 18 en 19 en die moeilike deel in 4:1

2. Die opstanding se betekenis in die lig van Noag se tyd

Die moeilike verse gee meer lig op die kern boodskap van gister: Jesus Christus se plaasvervangende werk, wat ons met God versoen het en hoe dit ons dan in lyding help.

Die eerste moeilike deel lees dan so:

*Hy is wel liggaamlik doodgemaak,
maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.*

*19 Deur die Gees het Hy ook gegaan
en dit vir die geeste in gevangenskap **aangekondig.** (1 Pet 3:19, 2020)*

Martin Luther skryf oor hierdie gedeelte: "A Wonderful text this is, and a more obscure passage perhaps than any other in the New Testament, so that I do not know for a certainty just what Peter means." As mens na verklarende Bybels toe gaan is daar baie verklarings vir hierdie gedeelte. Ek het van die verklarings gelees, baie gebid, en die proses gevolg wat ek gister verduidelik het. Hierdie gedeelte is vir my belang deur net te kyk na wat Petrus in sy twee briewe geskryf het wat hierby pas. Ek gaan dit deurgee soos die Gees my gelei het. As teoloë en verklaardes oor die eeue nie kon saamstem oor die deel nie, is dit belangrik om te weet dat dit wat ek hier deurgee, maar een uitleg van die deel is. Gaan lees gerus meer hieroor op, as die Gees jou dring om nog meer tyd op hierdie gedeelte te spandeer.

Om die vers te verstaan moet ons ook die deel, wat net daarvoor en net daarna volg saamlees:

*Hy is wel liggaamlik doodgemaak,
maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.*

*19 Deur die Gees het Hy ook gegaan
en dit vir die geeste in gevangenskap **aangekondig.***

20 Daardie geeste was destyds ongehoorsaam
toe God in Noag se dae *geduldig bly wag het* terwyl die ark gebou is.
In die ark is net 'n paar mense, altesaam agt,
deur die vloedwaters heen *gered*. (I Pet 3:19-22, 2020)

Soos ons gesien het in die oorhoofse behandeling daarvan, is die deel omarm deur die opstanding. Hy wil ons wys wat die opstanding vir ons beteken.

19 *Deur die Gees het Hy ... dit ... aangekondig*.

Die "dit" is dus die lyding en opstanding van Jesus Christus. I Petrus 1:10-11 gee ook 'n voorbeeld van 'n aankondiging deur die Gees oor die lyding en opstanding van Jesus Christus:

10 Oor hierdie *verlossing* het *die profete*, wat *geprofeteer* het *oor die genade wat vir julle bestem is*, nagedink en navraag gedoen. 11 Hulle het probeer naspur na watter persoon of na watter spesifieke tyd die *Gees van Christus wat in hulle was*, *verwys* het toe *Hy vooruit getuig* het oor *Christus se lyding* en die *heerlikheid* wat daarop sou volg. (I Pet 1:10-11, 2020)

Die volgende stukkie in die moeilike vers antwoord dan, maar wie is die mense vir wie die boodskap aangekondig is?

en dit vir die geeste in *gevangenskap*

Die een rede hoekom die vers so moeilik is, is dat 'n mens se eerste aanvoeling as jy die sin lees, dit verstaan dat hy die aankondiging gemaak het, na sy opstanding. Maar die vers direk hierna vertel vir ons meer van wie hierdie geeste is:

20 Daardie geeste was destyds *ongehoorsaam*
toe God in Noag se dae *geduldig bly wag het* terwyl die ark gebou is.

So, dis mense wat in Noag se tyd geleef het en nou reeds dood is en daarom as geeste beskryf word. Hoekom is hulle in gevangenskap? Hulle was destyds ongehoorsaam. Kyk hoe verduidelik Petrus dit self in II Pet 2:9:

9 dan weet die Here tog baie goed om daardie mense wat godvresend leef uit versoeking te red, maar ook om die onregverdiges tot op die dag van oordeel *gevangene te hou* sodat hulle gestraf kan word (II Pet 2:9)

So, die vraag wat dan by mens opkom, is hoekom sou Petrus dan nou vir ons wil vertel van ongehoorsame mense van Noag se tyd? Hoor hoe gebruik Petrus die gebeure van Noag se tyd in II Petrus:

3 Julle moet veral dit weet: In die laaste dae sal *spotters met hulle gespot* opdaag — mense wat *hulle lewens volgens hulle eie drange inrig* 4 en vra: "Wat het geword van die belofte van sy koms? ... 5 Hulle ignoreer dit willens en wetens dat daar lank reeds hemele bestaan, en ook 'n aarde wat deur die *woord van God* uit water en deur water tot stand gekom het. 6 En deur hierdie dinge is die antieke wêreld *deur water oorstrom en het dit vergaan*, 7 maar

die huidige hemele en die aarde word deur *dieselfde woord* vir vuur opsy gesit; dit word bewaar vir die *oordeelsdag en die vernietiging* van die goddelose mense. (II Pet 3:3-7, 2020)

Petrus sê vir sy lesers: Julle is in moeilike omstandighede. Julle is 'n klompie vreemdelinge is 'n groot sondige wêreld. As mense sien wat julle doen, word julle gespot en vervolg. Julle is ook nou in so tyd – die laaste dae. Dit gaan swaar, maar weet die oordeelsdag kom....

Selfs in I Petrus kan ons sien dat die verwagting dat die oordeel naby is, in hulle harte geleef het:

17 Dit is immers tyd dat *die oordeel begin*, en wel by die *huishouding van God*. As dit by ons begin, wat sal dan die uiteinde wees van hulle wat aan die *evangelie van God ongehoorsaam* is? 18 Want: "As die regverdige beswaarlik *verlos* word, wat sal van die *goddelose en sondaar* word?" (I Pet 4:17-18).

Die gedeelte in 1:10 het vir ons gewys dat die Ou Testamentiese profete reed Jesus se lyding aangekondig het. In II Petrus kan ons sien Noag was een van daardie profete. Hy het ook reeds die boodskap van geregtigheid verkondig, maar die mense wou nie luister nie: *en as Hy die antieke wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die boodskapper van geregtigheid...* (II Pet 2:5, 2020).

So Petrus moedig sy lesers aan. In hierdie moeilike tye, wees soos Noag. Hou aan om die boodskap van geregtigheid verkondig, want die dag van oordeel is naby! Daarom sê die volgende twee verse:

In die ark is net 'n paar mense, altesaam agt, deur die vloedwaters heen gered.

Die deel by II Petrus gaan verder:

5 en as Hy die antieke wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die boodskapper van geregtigheid, saam met sewe ander bewaar het toe Hy die vloed oor die goddelose wêreld gebring het; (II Pet 2:5, 2020).

Petrus moedig dus sy lesers aan: Julle is in moeilike tye, soos in Noag se tyd. Die wêreld is sondig. Die oordeel is naby. Min gaan gered word, maar julle klein groepie, wat die boodskap van geregtigheid bly verkondig, kan vasstaan in swaarkry, want julle sal gered word.

3. Die doop in die lig van die opstanding

Net as ons die sweet wil afvee, dat ons nou deur die moeilike deel is, stap Petrus met ons reg in die volgende deel in:

21 *Die doop ... red ook julle nou.*

Die sin op sy eie staan lynreg teenoor wat ons glo. Ons glo ons word deur genade gered. Die aksie van die doop red ons nie. Hoe nou gemaak? Wel, die eerste stap is lees die die dele net daarvoor en net daarna om te sien hoe dit inpas.

So direk vooraf staan daar:

In die ark is net 'n paar mense, altesaam agt, deur die vloedwaters heen gered.

So as hier staan **red ook julle nou** beteken dit dat ons ook soos Noag se gesin gered sal word.

Direk na die sin staan:

Die doop dien nie as 'n verwydering van die vuilheid van die liggaam nie, maar as 'n smeekgebed tot God om 'n skoon gewete, op grond van die opstanding van Jesus Christus

So, dis nie die doop wat die sonde vergifnis veroorsaak nie. Die grond is die opstanding van Jesus Christus wat hierdie gedeelte omarm. Die gelowige se smeekgebed, binne in die raamwerk van Jesus Christus se verlossingswerk, bring vir hom die redding.

Die vol probleem sin sê:

21 Die doop, wat 'n teenbeeld hiervan is, red ook julle nou.

Verskillende vertalings wys die twee kante van die betekenis van die woord wat hier vertaal is as “teenbeeld” uit. Aan die een kant wys die redding van Noag op die doop soos die 1983 vertaling. Aan die ander kant wys die doop op die verlossingswerk van Jesus Christus. Albei hierdie moontlike uitlegte van die woord ondersteun dieselfde waarheid.

Onthou, die kern boodskap van die oorhoofse gedeelte was dat Christus vir ons gely het sodat ons na God kon kom. Die aanmoediging van Hebreërs, koppel die twee dele vir ons mooi met die aanmoediging:

21 en ons het 'n groot Priester oor die huis van God. 22 Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water. 23 Laat ons styf vashou aan die belydenis van wat ons hoop, sonder om af te wyk, want Hy wat die belofte gemaak het, is getrou. (Heb 10:21-23)

As jy vandag gaan dink oor jou voorneme vir die dag, stel ek voor jy kom terug na hierdie vers in Hebreërs. Wat 'n ryk aanmoediging in tye van swaarkry.

Hoofstuk 4 spel nou die implikasie uit met “ omdat”

1 Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle ook julleself bewapen met dieselfde insig, naamlik dat iemand wat liggaamlik gely het, met die sonde klaar is.

Die uitdaging in hierdie vers is dat daar staan *dat iemand wat liggaamlik gely het, met die sonde klaar is.*

Ons kan ook een hele video hieraan spandeer. Daar is baie dele in die Bybel wat dit mooi belig. Ons volstaan by I Johannes 3 wat vir ons wys vir ons wat dit in praktyk beteken om met die sonde klaar te wees:

6As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. 7Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. 8As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid

nie in ons nie. 9Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. 10As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie. (1 Joh 3:4-6)

Die “daarom” gee ons die gevolgtrekking

2 Daarom laat hy hom

*gedurende die oorblywende tyd van sy liggaamlike bestaan
nie langer deur menslike begeertes lei nie,
maar wel deur die wil van God.*

Ons het gister gesien ons kry dit reg deur die Heilige Gees wat die wil van God op ons harte skryf.

Samevatting

Gister het ons gesien:

Moenie bang word in lyding nie,
maar vrees God en eerbiedig Christus

Hy het vir ons sonde gely
sodat Hy ons na God kon bring.

Hy het opgestaan...

Hy is die een wat regeer

Vandag het ons dieper gekyk na wat dit beteken dat Hy opgestaan het. Die moeilike vers het gesê:

Deur die Gees het Hy gegaan en dit vir die geeste in gevangenskap aangekondig
en toe afgelei dat dit wys op die ongehoorsaam mense, kort voor die oordeel.

Al het hulle die boodskap van geregtigheid ontvang, het hulle ongehoorsaam gebly en is hulle nou gevangenes vir die straf.

Petrus se lesers was in dieselfde tyd as vreemdelinge in ‘n sondige wêreld, kort voor die oordeel. En so is ons ook.

Net soos Noag se gesin gered is, sal Petrus se lesers gered word en ons ook.

Die doop is die teken daarvan en gebed vir ‘n skoon gewete.

Dit alles is op grond van die opstanding

Dit het ons gebring by die gevolgtrekking:

Daarom is ons klaar met sonde
en laat ons ons deur die wil van God lei

So, ons tema vir vandag:

Gered

op grond van die opstanding

daarom laat jou lei deur die wil van God

4. Oordenking

Ons het vandag weer aldrie persone van die Drie-eenheid in die gedeelte raakgeloop. Wat het jy van God, die Vader, Seun en Heilige Gees geleer vandag?

5. Dankbaarheid

Tot watter een daad van gehoorsaamheid lei die Gees jou vandag. 'n Goeie beginpunt om daaroor te dink is om weer Heb 10:21-23 te lees.

6. Aanbidding

Sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.

Vrede vir jou